Liewe Vriende

Ek kan skaars glo dat meer as ses maande verby geglip het sedert ons laaste Nuusbrief!

In hierdie tyd het soveel gebeur: sommige van ons moes afskeid neem van geliefdes langs die pad, ander het werkverliese of inkomsteverliese ervaar en ander moes drome prysgee wat net nie kon realiseer nie.

Dit gebeur alles teen die agtergrond van `n verwoestende pandemie wat geen sterfling ontsien nie en wat skole, kerke, sportbyeenkomste en die samelewing se funksionering voortdurend ontwrig.

Mense voel magteloos, vuisvoos, pandemie-voos en algeheel moedeloos!!!

Teen hierdie agtergrond kom gee Dawid in Ps 34 vir ons hoop wanneer hy sê:

"Die wat swaar kry, sien op na Hom en straal van blydskap,
hulle word nie teurgestel in hulle verwagting nie." (6)

Verder in dieselfde Psalm sê Dawid ook:

"Die Here sorg vir die regverdiges en luister na hulle hulpgeroep."(16)

Daarom weet ons dat ons hulpgeroep `n adres het en ons ons harte teenoor ons Vader kan uitstort!

En hier by Pharos bied ons `n hawe vir gebrokenes en stukkende mense om tuis te kom en heel te word. Ons doen dit op verskillende wyses, bv deur:

- Individuele Onderhoude
- Die verspreiding van kospakkies
- Die uitdeel van klere
- Onderrig van lewensvaardighede aan hawelose mense
- Ondersteuning van mense "tussen werke" waarvan ons die diens sodanig uitgebrei het dat, in samewerking met Jakob se Put, daar ook nou `n *Job Seekers Forum* is om mense doelgerig voor te berei vir werksonderhoude.

Ons vat hande en werk saam met verskillende diensverskaffers en organisasies in die gemeenskap om ons mense ten beste te kan bystaan in hierdie tyd.

Ons is dankbaar vir elkeen wat `n bydrae maak om ons hande te sterk en ons in staat te stel om voort te gaan met hierdie werk.

Baie dankie vir julle voorbidding wat ons so nodig het om staande te bly! Laastens bring ons al die Eer aan Hom wat ons die Krag gee om te Volhard.

Mag julle elke dag die Krag van sy Teenwoordigheid in julle lewens ervaar!

ANNALIE TAUTE